OKTOBER 2014 TUSSENTYDSE RESULTATE

Senwes

CertiSure

GRAINOVATION

Senwes village

BUNGE

Senwes credit

TradeVantage™

Senwes grainlink

Hinterland™

JD IMPLEMENTE

Senwes



OP PAD NA 2020

OP PAD NA 2020

INHOUDSOPGAWE

Finansiële Hoogtepunte	**4**
Besigheidsoorsig	**5**
Verkorte Gekonsolideerde Staat van Omvattende Inkomste	**8**
Verkorte Gekonsolideerde Staat van Finansiële Posisie	**9**
Verkorte Gekonsolideerde Kontantvloeistaat	**10**
Verkorte Gekonsolideerde Staat van Verandering in Ekwiteit	**10**
Aantekeninge tot die Verkorte Gekonsolideerde Finansiële State	**11**
Kennisgewing in terme van Artikel 45 van die Maatskappywet, 2008	**15**

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

Finansiële Fokuspunte

Omset (R'm)



EBIT (Operasioneel) (R'm)



Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel (s/a)



Risiko- & opbrengs-aanwysers

Dividend (s/a)



Eiekapitaalverhouding

(ekwiteit/totale bates)



Opbrengs op ekwiteit (op genormaliseerde wesensverdienste)

(vir 6 maande)



BESIGHEIDSOORSIG

Strategiese Oorsig

Senwes volg steeds sy padkaart na 2020 en is in proses om die portefeulje te reorganiseer. Die Afrika-besighede is gedurende die termyn geherstruktureer en oorgrens-transaksies sal in die toekoms vanuit Senwes gefasiliteer word. Die konsolidasiepoging tussen Senwes se houermaatskappy, Senwesbel, en NWK Beherend is nie goedgekeur deur die toepaslike aandeelhouerskorps nie en Senwes sal konsolidasie en operasionele samewerkingsgesprekke met alle rolspelers voortsit.

Ons is egter tevrede met die vennootskappe in Hinterland, Certisure, Grasland, JD Implemente, Senwes Asset Finance, Grainovation, ESC en Tradevantage.

Prodist lewer nog nie aanvaarbare resultate nie, maar het reeds bewese markaandeel bekom en teen die volgende seisoen verwag ons ‘n verbeterde strategiese posisionering en finansiële resultate.

Die markplek is steeds hoogs gefragmenteerd, beperk geïntegreerd en deelnemers ervaar toenemend uitdagings om relevant te bly teen internasionale konglomerate. Konsolidasie, reorganisasie en spesialisasie bly ons teenvoeter vir dié genoemde uitdagings. Die daarstel van ‘n samewerkingsvoertuig om nasionaal te kompeteer sal broodnodige kritiese massa bring en oorlewingsvermoë verhoog. Nuwe markte wat risiko verlaag sal ook verder ondersoek word.

Finansiële en operasionele oorsig

‘n Styging van 41% in genormaliseerde wesensverdienste vir die eerste ses maande van die 2015 finansiële jaar het weereens die onvoorspelbaarheid, volatiliteit maar veral die herstelvermoë van die landboubedryf bewys. Na twee opeenvolgende droogtejare sou die verwagte herstelpad na normaal twee tot drie seisoene duur. Graanvoorraadvlakke was op rekord laagtepunte, spanderingsvermoë van klante laag weens die droogte en boonop het die sakevertroue ‘n knou gekry, veral teen die agtergrond van die grondhervormings-debat wat aanvanklik gesukkel het om rigting te kry.

Reën het egter in oormaat en op die regte tyd geval en teen alle verwagtinge in is die tweede grootste mielieoes in die geskiedenis van Suid Afrika geproduseer.

Senwes se omset het gegroei met 5,5% na R5,3 miljard en die bruto wins het teruggekeer na R579 miljoen vanaf R499 miljoen einde Oktober verlede jaar.

Die balansstaat het heelwat vinniger gedraai en die opbrengskoerse het gevolglik verhoog. Kontantvloei van R294 miljoen is uit bedrywighede gegenereer en R23 miljoen is teruggeploeg in kapitaalprojekte. Die netto batewaarde per aandeel het verhoog van R9,58 sent per aandeel op 30 April 2014 na R10,06 sent per aandeel teen einde Oktober 2014, selfs nadat 'n finale dividend van 22 sent per aandeel betaal is gedurende September 2014.

Oorsig en vooruitskouing op besigheidsegmente

Marktoegang

Graan ontvang deur die silonetwerk van Senwes het met 74,8% verhoog, ten spyte van die negatiewe impak van die lae oordragvoorraad. Sagtekommoditeitspryse het op die verhoogde volumes gereageer en oeste is teen gemiddeld 25% laer as die vorige jaar gelikwideer.

Pryse het egter nie lank genoeg op uitvoerpariteitsvlakke verkeer nie en verwagte uitvoere is gevolglik in die proses belemmer. Die verlangsaming in die uitvoerprogram behoort egter 'n positiewe impak op silo-inkomste teweeg te bring. 'n Groot nasionale mielie-eindvoorraad is in die vooruitsig en sal momentum aan die besigheidseenheid verskaf, selfs in die 2de semester van die finansiële jaar, wat tradisioneel gekenmerk word deur laer winsgewendheid.

Insetkanaal

Die 2014-15 plantseisoen is laat en groter onsekerheid het vir 'n groot deel van die eerste ses maande van Senwes se finansiële jaar geheers rondom aanplantings vir die nuwe seisoen, gegewe relatiewe lae kommoditeitsprysvlakke, sowel as laat reëns. Omsette was ten spyte hiervan 11,2% hoër as die vorige jaar en bruto wins het 'n verbetering van R29,7 miljoen tot gevolg gehad wat toon dat Hinterland, die gesamentlike kleinhandelsonderneming met Afgri, besig is

om sy model suksesvol uit te rol. Daarbenewens antisipeer die produsent 'n verlaging in sommige insetmiddele en het hy sy brandstof en kunsmisaankope uitgestel in afwagting van moontlike prysverlagings. Verskaffers het voorts buitengewone uitstelreëlings aan produsente verskaf ten einde volumes te stimuleer en die markplek sal waarskynlik die onversekureerde kredietverleningspraktyke penaliseer. Senwes en sy geassosieerdes sal bly fokus op rasionele en gesonde besigheidspraktyke.

Heelwat produsente reserveer hul graanvoorraad in afwagting op beter pryse, ten koste van spandering aan nuwe kapitaalgoedere. Meganisasietoerustingverkope is dus onder druk en produsente sal waarskynlik hul kapitaalvervangings-programme uitstel.

Finansiële Dienste

Die kredietboek het sy terugbetalingsvermoë oor tyd bewys, maar groter wisselvalligheid en uiterstes het gedurende die seisoen voorgekom. Die boek is goed versekureer en die uitstaande 2014 somerproduksieskuld het 8,4% (Oktober 2013: 10,7%) op 31 Oktober beloop. Aansoeke vir die nuwe seisoen is goed op dreef, maar die uitstelreëlings van insetverskaffers kan die opname van krediet inkort en druk plaas op finansieringsmarges.

Certisure, die omvattende landbouversekeringsbesigheid, het nog 'n goeie siklus beleef en die besigheidsdrywers van die eenheid toon goeie groei.

Interim dividendverklaring

'n Interim dividend van 24 s/a (2013: 26 s/a) is verklaar vir alle aandeelhouers geregistreer as sulks op die aandeleregister op 8 Desember 2014 en sal betaal word teen 12 Desember 2014.

Op las van die Raad van Direkteure.

JDM Minnaar Voorsitter	**F Strydom** Besturende Direkteur	**CF Kruger** Finansiële Direkteur

Klerksdorp
5 Desember 2014

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	% Verandering	6 maande geëindig 31 Oktober 2014 Onge-ouditeer R'm	6 maande geëindig 31 Oktober 2013 Onge-ouditeer R'm	12 maande geëindig 30 April 2014 Ge-ouditeer R'm
Inkomste uit voortgesette bedrywighede	+5,5%	**5 302**	5 027	11 476
Bedryfswins voor depresiasie en amortisasie (EBITDA)	+82,9%	**267**	146	378
Depresiasie en amortisasie		**(19)**	(17)	(36)
Bedryfswins voor finansieringskoste (EBIT)	+92,3%	**248**	129	342
Finansieringskoste		**(57)**	(58)	(124)
Wins na finansieringskoste	+169,0%	**191**	71	218
Winsdeel van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings		**(19)**	9	7
Wins voor belasting en wins met samesmelting transaksie	+115,0%	**172**	80	225
Wins met samesmelting van handelsbesigheid		**-**	145	145
Wins voor belasting uit voorgesette bedrywighede		**172**	225	370
Belasting		**(47)**	(49)	(79)
Wins vir die jaar na belasting uit voortgesette bedrywighede	-28,9%	**125**	176	291
Wins na belasting van beëindigende bedrywighede en bedrywighede om oorgedra te word na gesamentlike onderneming		**(11)**	(2)	(40)
Wins vir die jaar	-34,5%	**114**	174	251
Ander omvattende inkomste klassifiseerbaar na wins en verlies, na belasting.				
Billikewaardeaanpassing van beskikbaar-vir-verkoop finansiele bate		**2**	-	1
Valutaverskil op die omrekening van buitelandse bedrywighede		**-**	3	3
Totale omvattende inkomste vir die jaar na belasting	-34,5%	**116**	177	255
Wins toeskryfbaar aan:				
Ekwiteitshouers van die houermaatskappy		**111**	172	248
Nie-beherende belang		**3**	2	3
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:				
Ekwiteitshouers van die houermaatskappy		**113**	175	252
Nie-beherende belang		**3**	2	3
Verdienste en genormaliseerde wesensverdienste				
Verdienste per staat van omvattende inkomste		**111**	172	248
Aanpassings:				
Wins op buitelandse valuta		**(2)**	-	(8)
Verlies/(wins) met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting		**2**	-	(1)
Wins met samesmelting van handelsbesigheid		**-**	(118)	(130)
Waardedaling van beleggings en lenings		**12**	6	45
Herstruktureringskoste		**3**	10	17
Ander/nie-herhalende items		**(2)**	21	-
Genormaliseerde wesensverdienste	+36,3%	**124**	91	171
Geweegde gemiddelde aantal aandele uitgereik ('000)		**169 289**	174 183	172 382
Verdienste per aandeel (sent)	-33,5%	**65,7**	98,8	143,9
Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel (sent)	+41,0%	**73,3**	52,0	99,0
Dividend per aandeel				
Dividend (sent)		**24,0**	26,0	48,0
Interim dividend		**24,0**	26,0	26,0
Finale dividend		**-**	-	22,0
Netto batewaarde per aandeel (sent)		**1 006,2**	940,7	958,1

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

	Soos op 31 Oktober		Soos op 30 April
	2014 Onge-ouditeer R'm	2013 Onge-ouditeer R'm	2014 Ge-ouditeer R'm
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	**274**	264	270
Belegging in geassosieerdes en gesamentlike onder-nemings	**218**	252	243
Ander finansiële bates	**5**	4	4
Lenings en bedrae ontvangbaar	**637**	448	554
Uitgestelde belastingbate	**26**	3	6
Totale nie-bedryfsbates	**1 160**	971	1 077
Bedryfsbates			
Voorraad*	**712**	419	431
Handels- en ander rekeninge ontvangbaar*	**1 425**	1 392	2 117
Ander lenings ontvangbaar	**335**	390	170
Voorraad gehou onder vaste verkoopsverbintenis*	**372**	884	278
Afgeleide finansiële instrumente*	**11**	23	25
Kontant- en korttermyndeposito's	**132**	59	30
Totale bedryfsbates	**2 987**	3 167	3 051
TOTALE BATES	**4 147**	4 138	4 128
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE			
Ekwiteit			
Uitgereikte aandelekapitaal	**1**	1	1
Aandelepremie	**67**	67	67
Tesourie-aandele	**(121)**	(121)	(121)
Reserwes	**11**	7	3
Behoue inkomste	**1 745**	1 639	1 672
Eie ekwiteit	**1 703**	1 593	1 622
Nie-beherende belang	**14**	12	13
Totale ekwiteit	**1 717**	1 605	1 635
Nie-bedryfslaste			
Rentedraende lenings	**652**	1 000	652
Langtermynaansporingsbonusse	**13**	14	10
Totale nie-bedryfslaste	**665**	1 014	662
Bedryfslaste			
Handels- en ander rekeninge betaalbaar	**799**	483	442
Rentedraende lenings	**860**	995	1 285
Afgeleide finansiële instrumente	**67**	6	72
Ander lenings betaalbaa	**20**	32	24
Belasting betaalbaar	**18**	-	5
Voorsienings	**1**	3	3
Totale bedryfslaste	**1 765**	1 519	1 831
TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE	**4 147**	4 138	4 128

** Daar was herklasifikasie in 2013 slegs t.o.v. bedryfsbates.*

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

	6 maande geëindig 31 Oktober		12 maande geëindig 30 April
	2014 Onge-ouditeer R'm	2013 Onge-ouditeer R'm	2014 Ge-ouditeer R'm
Kontant uit bedryfsaktiwiteite	**290**	153	381
Dividende ontvang	**-**	-	2
Belasting betaal	**(54)**	(16)	(46)
Finansieringskoste betaal	**(57)**	(58)	(124)
Dividende betaal	**(38)**	(63)	(106)
Verandering in bedryfskapitaal	**153**	156	(28)
Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	**294**	172	79
Netto kontantvloei (gebruik deur)/uit beleggingsaktiwiteite	**(192)**	(58)	4
Netto kontantvloei voor finansieringsaktiwiteite	**102**	114	83
Netto kontantvloei gebruik deur finansieringsaktiwiteite	**-**	(104)	(102)
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	**102**	10	(19)
Kontant en kontantekwivalente - begin van die jaar	**30**	49	49
Kontant en kontantekwivalente - einde van die tydperk	**132**	59	30

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

Vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2014

	Uit-gereikte aandele-kapitaal en premie R'm	Tesourie-aandele R'm	Behoue inkomste R'm	Ander reserwes R'm	Nie be-herende belang R'm	Totaal R'm
Saldo op 30 April 2014 (Geouditeer)	**68**	**(121)**	**1 672**	**3**	**13**	**1 635**
Wins vir die tydperk	-	-	111	-	3	114
Ander omvattende inkomste	-	-	-	2	-	2
Dividende betaal	-	-	(38)	-	(2)	(40)
Aandeelgebaseerde-betalingsreserwe	-	-	-	6	-	6
Saldo op 31 Oktober 2014 (Ongeouditeer)	**68**	**(121)**	**1 745**	**11**	**14**	**1 717**
Saldo op 30 April 2013 (Geouditeer)	**68**	**(19)**	**1 530**	**4**	**10**	**1 593**
Wins vir die tydperk	-	-	172	-	2	174
Ander omvattende inkomste	-	-	-	3	-	3
Dividende betaal	-	-	(63)	-	-	(63)
Tesourie-aandele aangekoop	-	(102)	-	-	-	(102)
Saldo op 31 Oktober 2013 (Ongeouditeer)	**68**	**(121)**	**1 639**	**7**	**12**	**1 605**

AANTEKENINGE TOT DIE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE

1. Verslagdoeningsentiteit

Die tussentydse verkorte gekonsolideerde finansiële state van Senwes Beperk (die "Maatskappy") soos op en vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2014, bestaan uit die Maatskappy, al sy filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerdes (saam na verwys as die "Groep").

2. Basis van voorbereiding

Geen oudit is uitgevoer op die tussentydse verkorte gekonsolideerde state nie, aangesien 'n oudit nie vereis word nie.

Die tussentydse verkorte gekonsolideerde finansiële state sluit nie al die inligting en openbaarmaking in soos vereis vir finansiële jaarstate nie, en moet saamgelees word met die Groep se finansiële jaarstate soos op 30 April 2014.

Die rekeningkundige beleid wat in die voorbereiding van die tussentydse verkorte gekonsolideerde finansiële state toegepas is, stem ooreen met die beleid wat gevolg is in die voorbereiding van die Groep se jaarlikse finansiële state vir die jaar geëindig 30 April 2014, behalwe vir:

- Die kontantvereffende aandeelgebaseerde lantermyn-bonusskema is gedurende die periode onder oorsig omgeskakel na 'n aandeelgebaseerde lang-temynbonusskema (IFRS2).

Die finale uitgawe t.o.v. die kontantvereffende aandeelgebaseerde lantermynbonusskema sal gedurende die April 2016 finansiele jaar erken word.

Alle bates en laste gemeet teen billike waarde is gebaseer op gekwoteerde markpryse in 'n aktiewe mark en is as 'n vlak 1 aangedui.

Daar was geen veranderinge met betrekking tot vlakke nie en geen nuwe items is bygevoeg sedert die finansiële state gedateer 30 April 2014 nie.

3. Beëindigende bedrywighede: Afrika

Die direksie van Senwes en Bunge Europa het die besluit goedgekeur om die bedrywe in Afrika (Malawi, Mosambiek en Zambië) te beëindig.

Die bedrywe is sedert April 2014 as beëindigde bedrywighede geopenbaar in die Senwes Groep finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 April 2014.

Aksies om die bedrywe te beëindig is reeds in proses en die proses behoort binne die volgende 6 maande afgehandel te wees.

4. Bedryfsegmente

Inligting rakende rapporteerbare segmente

		Segmentinkomste		
		6 Maande geëindig 31 Oktober		12 maande geëindig 30 April
	% Verandering	2014 R'm	2013 R'm	2014 R'm
Finansiële dienste (Senwes Credit & Certisure Groep)	+15,8%	**88**	76	170
Bedryfsaktiwiteite		**88**	76	170
Insetverskaffing (Senwes Village & Hinterland Groep)	+30,3%	**775**	595	1 552
Bedryfsaktiwiteite		**787**	617	1 581
Intragroepverkope		**(12)**	(22)	(29)
Wins met die samestelling van die kleinhandels-besigheid		**-**	-	-
Marktoegang (Senwes Grainlink, Tradevantage & Bunge Senwes)	-1,4%	**4 426**	4 491	9 889
Bedryfsaktiwiteite		**5 919**	4 491	11 478
Intragroepverkope		**(1 493)**	-	(1 589)
Normale bedryfsaktiwiteite		**5 289**	5 162	11 611
Korporatiewe inkomste/(koste)		**13**	9	15
Totale inkomste		**5 302**	5 171	11 626
Inkomste van beëindigende bedrywighede		**-**	(144)	(150)
Insetverskaffing		**-**	(144)	(144)
Marktoegang		**-**	-	(6)
Inkomste uit voortgesette bedrywighede		**5 302**	5 027	11 476
Wins voor belasting van voortgesette en beëindigende bedrywe				
Belasting				
Wins vir die tydperk van voorgesette en beëindigende bedrywe				
Verlies/(wins) na belasting van beëindigende bedrywe om oorgedra te word na gesamentlike onderneming				
Insetverskaffing				
Marktoegang				
Wins na belasting uit voortgesette bedrywe				

5. Verandering in langtermynaansporingskema

Die langtermyn kontantvereffende aansporingskema is gedurende die periode onder oorsig omgeskakel na 'n aandeelgebaseerde aansporingskema. Ekwiteits vereffende aandeelgebaseerde uitgawe is gemeet teen die billike waarde van die ekwiteitsinstrumente soos op die toekenningsdatum, ongeag die billike waarde van die instrument wanneer dit vestig.

Die aandeelgebaseerde betalingsuitgawe sal erken word oor die vestigingsperiode. Die vestigingsperiode sluit in die diensvereistes wat aan 'n toekenning gekoppel is. Die uitgawe sal derhalwe erken en versprei word oor die periode vanaf die toekenningsdatum tot die vestigingsdatum. Die lengte van hierdie periode sal verskil van tranche tot tranche.

Die aandeelgebaseerde betalingsuitgawe erken vir die periode geëindig 31 Oktober 2014 beloop R6,2 miljoen.

	Segmentresultate		
	6 Maande geëindig 31 Oktober		12 maande geëindig 30 April
% Verandering	2014 R'm	2013 R'm	2014 R'm
+56,3%	**50**	32	95
	50	32	95
	42	171	226
+61,5%	**42**	26	80
	-	-	-
	-	145	146
+31,1%	**97**	74	85
	97	74	85
	-	-	-
	189	277	406
+48,1%	**(28)**	(54)	(75)
	-	-	-
	-	-	-
	-	-	-
	-	-	-
	-	-	-
	161	223	331
	(47)	(49)	(80)
	114	174	251
	11	2	40
	-	(4)	(4)
	11	6	44
	125	176	291

6. Verwantepartytransaksies

6.1 Senwesbel Bpk. (“Senwesbel”)

Dividende van R20,3 miljoen en rente van R0,7 miljoen was aan Senwesbel betaal.

6.2 Handelsdebiteure - Direkteure

Die handelsdebiteure bestaan uit produksiekrediet-rekenings sowel as ander rekenings waarvoor klante van die Maatskappy kwalifiseer. Die toestaan van krediet, terugbetalingsvoorwaardes en rentekoerse op die lenings is ooreenkomstig die maatskappybeleid wat geld vir al die klante van die Maatskappy.

Op 31 Oktober 2014 het die direkteure die Groep R5,4 miljoen op bogenoemde rekenings geskuld. Sekuriteit is volgens normale praktyke dienooreenkomstig gevestig.

7. Aankope en vervreemding van eiendom, aanleg en toerusting

Gedurende die ses maande tot 31 Oktober 2014 het die Groep eiendom, aanleg en toerusting ten bedrae van R 22,9 miljoen aangekoop. Eiendom, aanleg en toerusting met ‘n boekwaarde van R2,8 miljoen, is vervreem gedurende dieselfde tydperk.

8. Kapitale verpligtinge

Verbintenisse reeds gekontrakteer beloop R27 miljoen en sal gefinansier word uit kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite terwyl R8,8 miljoen gemagtig is deur die Direksie maar nog nie gekontrakteer is nie.

Met volmag van die Raad van Direkteure.

JDM Minnaar Voorsitter	**F Strydom** Besturende Direkteur	**CF Kruger** Finansiële Direkteur

Klerksdorp
5 Desember 2014

KENNISGEWING IN TERME VAN ARTIKEL 45 VAN DIE MAATSKAPPY-WET, 2008

Op 23 Augustus 2013 (tydens die algemene jaarvergadering) is goedkeuring deur die aandeelhouers verleen vir die verlening van finansiële bystand aan die filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerdes van Senwes in terme van artikel 45 van die Maatskappywet, nr 71 van 2008. In terme van die goedkeuring is die volgende bystand verleen:

Maatskappy	Bedrag R'm
Moleme Sele (Edms) Bpk	1,3
Senwes Share Incentive Scheme Trust	16,9
ESC (Edms) Bpk	0,8
Bunge Senwes (Edms) Bpk	43,0
Ondersteuningsbrief: Hinterland (Edms) Bpk - Sasol	25,0
Korporatiewe waarborg : Prodist (Edms) Bpk	25,0

DIREKTEURE:

JDM Minnaar (Voorsitter), F Strydom (Besturende Direkteur)*, ZBM Bassa, SF Booysen (Onder-Voorsitter), JBH Botha, R Redfearn, AJ Kruger, CF Kruger (Finansiële Direkteur)*, J Maswanganyi (Strategie, Volhoubaarheid en Korporatiewe Dienste Direkteur)*, JJ Minnaar, NDP Liebenberg , AK Olivier **, TF van Rooyen, WH van Zyl. EM Joynt (Maatskappysekretaris) * Uitvoerend ** Alternatief

GEREGISTREERDE KANTOOR:

Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2570
Posadres: Posbus 31, Klerksdorp, 2570
Telefoon: (018) 464 7800

OORDRAGSEKRETARISSE EN AANDELEVERHANDELINGSKAMER:

Die Maatskappysekretaris
Posadres: p/a Die Maatskappysekretaris, Senwes Beperk, Posbus 31, Klerksdorp, 2570
Telefoon: (018) 464 7800
Webwerf: www.senwes.co.za

VOORUITSKOUINGSVERKLARING:
Dit is vooruitsouingsverklarings, soos gedefinieer in die “United States Private Securities Litigation Reform Act of 1995”. Woorde soos “glo”, “verwag”, “waarskynlik”, “moontlik”, “voorspel”, “beoog”, “strewe”, “sal”, “beplan”, “kan”, “mag”, “poog, “projekteer”en soortgelyke uitdrukkings het ten doel om sodanige vooruitskouingsverklarings te identifiseer, maar is nie eksklusief die wyse waarop sodanige verklarings geïdentifiseer word nie. Vooruitskouingsverklarings behels inherente risiko’s en onsekerhede en sou een of meer van hierdie risiko’s realiseer, of indien onderliggende veronderstellings korrek blyk te wees, kan werklike resultate wesenlik van die verwagte resultate verskil. Vooruitskouingsverklarings is slegs van toepassing vanaf die datum waarop dit gemaak word en Senwes aanvaar geen verpligting om enige verklaring aan te pas of op te dateer weens nuwe inligting, toekomstige gebeure of enige ander rede nie